

Boekbesprekings/Book reviews

A. APPEL. 'Die distrik Oudtshoorn tot die tagtigerjare van die 19de eeu: 'n sosio-ekonomiese studie'. *Argiejaarboek vir Suid-Afrikaanse geskiedenis* 51(2). Staatsdrukker: Pretoria, 1988. 368 pp. R10,00 (inclusief). ISBN 0797 0123 70.

Met hierdie studie het Appel 'n braakland betree, want die Klein-Karoogebied wat aan weerskante deur bergreeks geïsoleer word, het grootliks ook die aandag van die geskiedskrywing onthaal gekry. Die skrywer verdien dus ten volle die self-opgeëisde krediet vir 'die eerste poging om 'n wetenskaplike verantwoorde sintese van die vestigings- en eerste ontwikkelingsfase van die distrik Oudtshoorn' aan ons voor te hou (p. xvii).

Appel se fokuspunt is 'daardie lewensfere wat met wisselende intensiteit as historiese faktore in die studiegebied opgetree het' (p. xvii). In die proses moes hy 'kostelike genealogiese, antikwariese en biografiese vondse of gewoon prikkelende nuusbrokkies' agterwee laat. Ook bied hierdie werk geensins 'n omvattende administratiewe en politieke geskiedenis nie (p. xvii).

En tog is dit na tydspan/omvang en inhoud steeds 'n indrukwekkende stuk werk. Dit begin met die identifisering en behandeling van talte fasette van die sosiaal-ekonomiese geskiedenis van die distrik Oudtshoorn vanaf die oopstelling van die gebied teen die helfte van die 18de eeu, tot in die tagtigerjare van die 19e eeu. Appel begin sy storie by die ruiltochte wat Jan van Riebeek en sy opvolgers die binneland ingestuur het en wat met verloop van tyd meerder kennis oor die onmeetbare ruimtes van die binneland versaf het, en waardeur die weg vir die veeboerpioniers voorberei is.

Stap vir stap neem die skrywer ons via sy uitgebreide bronnellys die binneland in, totdat die gebied begin volloop met setlaars en 'n lewenskrachtige gemeenskap sy beslag kry. Die besettingsfase word deurenryd op oortuigende wyse binne die breër milie van die veeboerbeweging en die algemene landsgeskiedenis geskets.

Die pioniers en hul doen en late in die romantiese Kannaland, wat skynbaar bloot 'n populêre geografiese verwysing was (p. 20), word in nege hoofstukke in die eerste afdeling beskryf. In die tweede afdeling (vif hoofstukke) kom die Agterbergse streke aan die beurt en in die derde afdeling word gefokus op Oudtshoorn sedert formele dorpstigting in 1848 (ses hoofstukke).

Die skrywer se chronologies-tematiese benadering word baie effektief benut om onderskeibare tydperke of fases in die ontwikkelingsgeskiedenis van Oudtshoorn sowel as die vernaamste fasette van die samelewings uit te lig. Bestuur, ekonomie, verbindingsweë en kommunikasie, kerklike lewe en onderwys, en bevolkingsgroep word noukeurig en uitvoerig, aan die hand van navorsing van hoogstaande gehalte, beskryf en beredeneer. In die laaste hoofstuk word 'n aantal sake behandel wat nie elders ingepas het nie, soos behuisings-, mediese en gesondheidsdienste, verenigingslewe, sport en watertoewer. Die studie word dan afgesluit met die integrering van die studiegebied binne die breëre Suid-Afrikaanse opset van destyds (p. 313 e.v.).

Oudtshoorn is natuurlik veral bekend vir die volstruisbedryf. Hoewel die oorsprong daarvan nie bo alle twyfel bepaal kan word nie (p. 179), word die geskiedenis van die 'grootste enkele ingryping op die tradisionele ekonomiese bestaanpatroon in die distrik' (p. 322) ontrafel. Die aandag word ook gevensionig op 'n beheptheid met die bedryf (p. 181). Die wisselende volstruismark, wat op 'n keer sterk beïnvloed is deur die gebruik van volstruisvere deur koningin Victoria tydens 'n Britse parlementsopening, het waarskuwings laat opgaan om nie al die eiers onder een hen te sit nie (pp. 186-187). Dit het egter eers die finale ineenstorting van die mark in 1914 gekos om die veelsydige akkerboubedryf van die distrik tot sy reg te laat kom.

'n Voorbeeld van hoe die natuur en die omgewing sy invloed op die mens uitgeoefen het, is te vind in die sterke neiging tot groepsoriëntering, wat inteling en ondertrouwyer tussen mense van dieselfde streek, in die Afrikaanse sowel as die Engelse gemeenskappe (pp. 291-292), tot gevolg gehad het. Appel vat dit so saam: 'Maar op die intiem persoonlike vlak het 'n tradisionele voorkeur vir die eie sosiale groep hulle feitlik uitsluitlik nog binne die grense van die omringende natuurlandskap gehou' (p. 320).

Die natuurlike beperkinge is egter deur verbeterde kommunikasie oorwin en op ekonomiese en politieke gebied kon ver buiten die eie omgewing beweeg word. Direkte politieke verteenwoordiging in die koloniale regering (p. 315 e.v.) het 'n koloniale bewussyn gekweek terwyl die koms van koerante in die gebied vir baie mense 'n poort na die buitewereld' was (p. 319).

'n Ander sosiaal-maatskaplike kenmerk wat ontbloot word, is die relatief ongunstige prentjie van huisvestingstandaarde aan die begin van die negentigerjare van die 19de eeu. Slegs 'n klein groep mense se finansiële vermoeëns was sodanig dat hul verbeterde maatskaplike posisie in groter en luukser wonings neerslag gevind het; origens het Oudtshoorn maar swak afgestek by die res van Kaapland en was twee derdes van alle huise teen die tyd nog tradisionele hartbeeshuise of moddersooihutte (pp. 297-298).

Wat vreemd opval is dat die 'geskiedenis' van die Kango-grotte nie vertel word nie. As topografie-verskynsel en toeriste-aantreklikheid wat mettertyd 'n groot invloed op sowel die ekonomie as die 'oopstelling' van die gebied sou hê, verdien die grotte seker meer as die paar terloopse verwysings daarna.

Appel slaag meesterlik daarin om die beeld van sy finale bevinding, naamlik die vestiging van 'n goed-gedifferensieerde plattelandse gemeenskap in Oudtshoorn en die distrik (p. 323), oor te dra. In die proses het die natuurlandskap ingrypend verander en is die vestigingspatroon grootliks deur die beskikbaarheid van water en die bodemgesteldheid bepaal. Die oorwinning oor isolasie vanwee topografiese hindernisse en die bepalende rol wat kerk en onderwys in gemeenskapsontwikkeling gespeel het, getuig ten slotte van die aktualiteit van studies van hierdie aard.

Appel het 'n gemaklike, onderhouende styl en inligting wat baie maklik tot 'n sielodende kroniekskrywery aanleiding kon gegee het, word verhelder en verlewendig met deurlopende evaluerings, verklarings en interpretasies.

Die skrywer se uitgebreide literatuurstudie, sy knap gebruik van ou reis- en beskrywings enveral die menigte argivale bronne wat gefynkam is, dien as getuigschrift vir die deeglikheid en amperse deernis waarmee hy met sy tema omgaan.

Op die koop toe is daar die omvangryke indeks om die leser te begelei in moontlike soektogene na plek- of persoonsname in die lywige en gedetailleerde werk.

P.F. VAN DER SCHYFF
Potchefstroomse Universiteit vir CHO



P. BONNER et al. (eds). *Holding their ground: class, locality and culture in 19th and 20th century South Africa*. History Workshop 4. Ravan Press & Witwatersrand University Press: Johannesburg, 1989. 318 pp. Illus. R34,95 (exclusive). ISBN 0 86975 398 3.

Since its first publication in 1979 the *History Workshop* series has established itself as a showcase of revisionist writers of South African history. This work is a selection of papers read at the fourth History Workshop Conference at the University of the Witwatersrand held in February 1987. While the open day of the 1987 workshop — intended 'to involve people in reinterpreting their past' (p. vi) — is discussed in the preface, the book is rather a reflection of the academic part of the workshop.

As with previous workshops, the theme of the conference — 'The making of class' — reflects the approach of historical materialism to the history of South Africa. The nine papers (not eight as mentioned on p. 1) were apparently selected as representative of the issues community, class, culture and consciousness.

In the introduction by Bonner and Lodge themes relevant to the nine papers are discussed. These include the creation and defence of illegal space by black urban communities as well as the establishment of an alternative cultural milieu in these communities. The issue of ethnicity, the political co-option of sections of black society to it and resistance against it are also addressed in a few papers.

As was the case with previous books in the series, the local/regional emphasis of papers remains a strong point. The papers by La Haussé and Edwards about aspects of life in the city of Durban clearly illustrate the value of such studies to highlight the local character of events. La Haussé looks at the development of a distinct local political culture in Durban during 1925-1930 with specific reference to the relationship between the labouring poor in Durban and the ICU yase Natal. In his paper Edwards shows that the co-operative movement was the real base for African political expression during the late 1940s in Durban while the political parties and trade unions were stagnating.

Eales looks at the inclusion of African women under the curfew regulations in Johannesburg in 1925 and 1930. She emphasizes the important role of class in the protest against this extension of the pass laws. While the resistance against the pass laws can be easily viewed as a unified response, Eales indicates that the reaction of the African middle classes in Johannesburg was based on the erosion of their status as a distinct and privileged elite.

Sapire's paper clearly illustrates the value of historical focus on the locality or region. She discusses the patterns of permanent African settlement in the small Reef town of Brakpan prior to the establishment of a separate location for the African inhabitants in 1927. The paper demonstrates that not even in the Witwatersrand area (usually treated as a geographic unit) did the evolution of urban segregation take place in a typical way.

In his discussion of the role of the liberally inspired joint councils in black politics in the Orange Free State during 1925-1942, Rich also examines